

## 26 Oktober - STERF

### Skrif- en Fokusgedeelte: Genesis 49:29-33; 50:22-26

**J**akob het sy seuns geseën. Juda het die besondere seën ontvang. Hulle lewe gaan voort en moet iets tot stand bring, maar Jakob se aardse lewe is op 'n einde – hy gaan sterf. Hy tref 'n laaste reëling: Hy moet in die familiegraf by Mamre in Kanaän begrawe word – by Abraham en Sara, Isak en Rebekka en Lea. Josef het ook gesterf en vooraf met sy broers gereël dat sy liggaam saamgeneem moet word.

Een ding is seker – almal sterf. In Genesis 5 se geslagsregister van die aartsvaders tot by Noag kom dit as 'n refrein (behalwe by Henog): ... *toe hy gesterf het*. Die laaste vertelling voor die verhaal van Abraham se roeping is dat Tera gesterf het. Dit kan nie verswyg word nie. Almal sterf. Die Prediker som die tragiek van sterwe op in sy klag: Alles tevergeefs!

Tog sien ons by gelowiges iets anders: Abraham beantwoord die roeping – leef voort. In die geslagregisters word die sterfte genoem sodat die kind se naam nie net stamboom is nie, maar 'n verkondiging van voortgang in die verbond, van genade wat van geslag tot geslag voortgaan, van lewe wat nie eindig nie. Abraham, Isak en hulle vrouens is in 'n graf in die beloofde land weggeleë, al moes hulle die grond by ander koop: Dit is nog nie hulle s'n nie.

Jakob se begeerte om daar begrawe te word en Jakob se wens dat sy liggaam saamgeneem moes word, is nie 'n eienaardige hantering van die liggaam nie, ook nie begrafnisaanduidings vir ons nie. Hierdie mense het in hulle omgang met God geleer om oor die dood heen te kyk. Hulle leef uit die belofte wat God reeds aan Abraham gemaak het kragtens die verbond: Sy nageslag sal die land beërwe.

Ondanks alle “politieke” onsekerhede gló Jakob en Josef dat die Here se beloftes vervul sal word, al is dit 'n onbepaalde “wanneer...” – Josef. Hulle weet: die verbinding aan God en medegelowiges kan selfs nie deur die dood vernietig word nie.

Jesus sê: *Ek is die opstanding en die lewe*. Hy vra: Glo jy dit? (Joh 11:25-26). Kan jy werklik oor die dood heen kyk in 'n nuwe toekoms in?

*Sing: Skrifberyming 18-6:1, 4, 5; Skrifberyming 18-7:1, 12 Ds J Malan (Burgersdorp)*